# 11 Maart 2024 - Lesing 258 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Vasgestelde periodes as Verlossingstydperke – 22/1/62

**NO: 8085** Vir My is 'n duisend jaar soos 'n dag. Vir My is dit waarlik onbelangrik wanneer julle na My sal terugkeer, hoe lank julle julleself van My verwyderd gaan hou, want Ek weet dat julle eendag sonder twyfel na My sal terugkeer en dan vir ewig met My verenig sal wees.

Maar julle sal self onmeetlik ly gedurende hierdie tyd van verwydering, want slegs die aaneensluiting met My is geluksaligheid. En Ek het julle lief en wil daarom julle tyd van ellende verkort ter wille van julleself. Ek wil nie dat julle ly nie, maar Ek sien in My wysheid die seën wat lyding vir julle inhou, omdat dit julle kan aanmoedig om julle terugkeer na My te verhaas, omdat dit julle daartoe kan bring om die terugkeer na My te bespoedig, omdat dit julle wil en gesindheid kan verander.

Maar wat in My vermoë lê doen Ek, om die tydsduur van julle weerstand te verkort, sonder om egter julle vrye wil aan te tas. Want julle wil self bepaal die duur van julle verwydering van My en Ek sal dit nie dwing nie. Hoewel die tyd dus vir My van geen belang is nie, is daar in My heilsplan die periodes bepaal wat vir die geestelike gegee is om hulleself te ontwikkel, d.w.s. My heilsplan is periodiek vasgelê en word daar daarby gehou volgens My Liefde en Wysheid.

Daar is verlossingstydperke voorsien wat begrens is. Daar doen homself dus telkens weer nuwe ontwikkelingsmoontlikhede voor in die wyse vooruitsig van die feit dat die steeds nuwe weerstand van die kant van die gevalle geesteswêreld ook 'n sekere nuwe rigtinggewing sal verg, anders gesteld, dat die wetlike ordening van tyd tot tyd herstel moet word – deur die in homself in weerstand bevinde geestelike heeltemal nie geag word nie, waardeur 'n positiewe ontwikkeling verhinder word.

Hierdie vaste periodes van tyd is dus verlossingstydperke wat onherroeplik deur My waargeneem sal word en daarom sal dit die einde van 'n oue en die begin van 'n nuwe ontwikkelingsperiode beteken, waarvan die tyd deur julle mense nie vasgestel kan word nie, maar wat nietemin met onomstootlike sekerheid verwag kan word deur die mense in tye waarin 'n positiewe geestelike ontwikkeling nie meer merkbaar sal wees nie.

Maar dit is ook deel van My heilsplan van ewigheid dat sulke kennis vir die mense onbewysbaar is en sal bly. Want die verskillende "tydvakke" lê in hul begin en hul einde sover van mekaar, dat alle kennis by die mense ontbreek en maar net 'n geestelike gewekte sulke kennis as geloofwaardig kan aanneem.

Vir My is 'n duisend jaar soos een dag. Maar julle mense ervaar die tyd as onmeetlik lank en julle kan dit vir julleself verkort as julle slegs ernstig na die verlossing vanuit die vorm sou nastreef, wat julle inderdaad in julle aards lewe as mens ook sou kon bereik.

Want alle hulpmiddele staan julle waarlik tot diens, julle wil kan net nie gedwing word om julle wese te verander in liefde nie. Maar tog moet hierdie verandering in liefde voltrek word en julle het slegs 'n baie kort tyd daarvoor nodig. En as 'n ontwikkelingsperiode ten einde loop sonder dat julle julle doel bereik het, dan kan julle lot 'n eindelose verlenging van julle ver verwyderde toestand van God wees, wat inderdaad uiters kwellend vir julle sal wees, maar dit motiveer My om altyd vir julle nuwe moontlikhede te skep om julle rypwording te bevorder.

Want Ek weet dat Ek eendag My doel sal bereik en die konsep van tyd bestaan nie vir My nie. Vir My is alles die hede, selfs ook die verlede en die toekoms.

Julle sal dit nie kan begryp terwyl julle denke nog begrens is nie. Maar eendag sal julle dit kan begryp en sal julle dit selfs onbegryplik vind dat julle My vir solank weerstand gebied het.

Want eens sal die aaneensluiting onherroeplik plaasvind en dit beteken ook onmeetlike geluksaligheid waarin al die verbygaande leed verbleik, waarin julle alleen lowend en prysend My liefde sal herken, Wie julle ook in die diepste diepte gevolg het en nie sal rus alvorens Sy Haar doel bereik het nie. Amein.